STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 31 - 2017 • EDITION 31 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Gewoonlik begin ek my nuusbrief met opgewondenheid, maar hierdie maand is dit vir my aaklig om in my maandelikse boodskap te begin met misdade wat weer onlangs ons gemeenskap geruk het. Hierdie wandade is 'n oorspoeleffek van 'n veel groter probleem wat ons hele provinsie en ons hele land treiter.

Die realiteit van geweldsmisdaad tref mens sterk omdat twee mense gedood is in 'n gewilde kuierplek in die hart van een van ons dorpe, nog 'n jong man in Idasvallei geskiet is en 'n boer brutaal op sy plaas vermoor is. My medelye en gebede gaan uit na die gesinne van die slagoffers. Ek wil daarmee ook my stem voeg by die oproepe van Premier Zille, die Provinsiale Minister vir Gemeenskapsveiligheid, Dan Plato, en die res van die Provinsiale Regering se leierskap, dat daar vanaf 'n Nasionale Regering baie meer ernstige en dringende optrede moet wees teenoor geweldsmisdaad.

Binne ons eie gemeenskap het Minister Dan Plato onlangs op ons versoek in Wyk 16 in Cloetesville vergader met besorgde inwoners om te praat oor sekuriteitsuitdagings wat die inwoners ervaar. Verdere opvolgvergaderings met die gemeenskap is ook reeds gereël en klem word veral geplaas op bendebedrywighede.

Lopende Bus

'n Interessante inisiatief wat geloods gaan word is die Lopende Bus/Walking Bus konsep. Dit fokus daarop om veral veilige roetes, met toesig, vir leerders te skep wat skool toe en terug stap elke dag. Dit behels dat volwassenes saamstap met die kinders in 'n groep en oral langs pad kinders "oplaai" om so hul veiligheid te verseker op pad skool toe. Die sukses van so 'n inisiatief hang af van die gemeenskap

Dear Residents,

I usually start my newsletter with excitement, but this month it is terrible for me to begin with the crimes that once again shook our community. These activities are a spill-over effect that is part of a much larger problem tormenting our entire province, as well as the country.

The reality of violent crime hits us hard because two people were killed in a popular night club in the heart of town, another young man died in a shooting in Ida's Valley and a farmer was brutally murdered on his farm. My condolences and prayers go out to all the families of the victims. I also want to add my voice to the calls of Premier Zille, the Provincial Minister for Community Safety, Dan Plato, and the rest of the Provincial Government leadership, to ask that more serious action is taken by National Government to prevent violent crime.

In our own community, Minister Dan Plato, upon our request, recently met with concerned residents from Ward 16 in Cloetesville to discuss safety challenges residents experience. More follow-up meetings have been scheduled and the focus will fall on gangsterism.

Walking Bus

An interesting initiative that will be launched soon is the Walking Bus concept. It focuses on safer routes, with supervision, for learners who walk to school every day. Adults walk with a group of children and along the way kids are "picked up" to ensure their safety, on their way to school. The success of such an initiative depends on the community's

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Mense met Gestremdhede
People with Disabilities
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

se inkoop en bereidwilligheid om die verantwoordelikheid te aanvaar, dat veilige gemeenskappe ons almal se verantwoordelikheid is. Ons kan mekaar ook help deur verdagte aktiwiteite onmiddellik aan te meld by u buurtwag en/of polisie.

Internasionale Risikoverminderingsdag

Jaarliks, op 13 Oktober, herdenk ons Internasionale Risikoverminderingsdag. Dit is 'n dag wat fokus op die vermindering en bestuur van die impak wat rampe op ons samelewing het. Hier word veral gefokus op hoe natuurrampe en brande mense se lewens raak. Die tema vir hierdie jaar was 'Veilige Tuistes'. Dit was vir my 'n groot voorreg om die gasspreker te wees in Klapmuts by die jaarlikse herdenking hiervan.

Ons kan regtig dankbaar wees vir die ongelooflike werk wat elke dag deur ons Rampbestuurafdeling, Brandweer en ander veiligheidsdienste gedoen word. Dit is 'n afdeling in die munisipaliteit wat uitstekende werk doen en so baie lewens spaar.

As deel van ramp- en risikobestuur is daar ook 500 rookalarms in wonings in Klapmuts geïnstalleer. Die installasie het spesifiek agterplaasbewoners en informele strukture in die area geteiken. Die alarms is aan ons beskikbaar gemaak deur die Provinsiale Regering via 'n skenking van SANTAM. Die doel van die alarms is om vroegtydig die inwoners te waarsku indien daar 'n moontlike brand is. Dit help dan die inwoners om betyds en vinnig die woning te ontruim en so word lewensverlies en selfs eiendomsverlies beperk.

Die Klapmuts area is geïdentifiseer deur 'n navorsingsgroep van die Universiteit van Stellenbosch as 'n kwesbare gebied. Ons beplan om die projek in ander wyke ook uit te rol met die samewerking van die raadslede en moontlike donasies deur privaat-instansies. Graag sê ons dankie aan SANTAM vir die skenking en vra dat enigeen wat wil bydra asseblief sal help. Elke alarm kos ongeveer R100 en u kan dus borg net soveel u kan. Kontak asseblief my kantoor as u kan help (mayor.pa@stellenbosch.gov.za).

Mense met Gestremdhede

November is bewussynsmaand vir mense met gestremdhede. Die veldtog bereik 'n hoogtepunt op 3 Desember wanneer ons saam met die internasionale gemeenskap Internasionale Dag vir Mense met Gestremdhede herdenk. Hierdie veldtog is vir ons uiters belangrik. As 'n munisipaliteit wil ons graag help om die behoeftes van mense met gestremdhede aan te spreek, en veral om die mites en verkeerde opvattings wat bestaan oor die vermoëns van mense met gestremdhede, aan te spreek. Die vermoëns van mense met gestremdhede word dikwels onderskat, en daarom word hulle dikwels nie die kans gegun om deel van die hoofstroom samelewing te wees nie. Ons kan egter by elke persoon met 'n gestremdheid 'n waardevolle les leer oor hoe om aanpasbaar te wees en struikelblokke te oorkom. Ons mag hulle nie ignoreer of stereotipeer net omdat hulle benadering tot die lewe uniek en anders is nie.

Stellenbosch Munisipaliteit gaan ook gedurende November saamwerk met die Stellenbosch Gestremdheidsnetwerk. Ons beplan 'n stapgeleentheid vir die 25ste November en dit

buy in and willingness to accept the responsibility for safe communities is everybody's responsibility. We can help one another by immediately reporting suspicious activities to your neighbourhood watch and/or the police.

International Risk Reduction Day

Annually we celebrate International Risk Reduction Day on 13 October. It is a day that focuses on reducing and managing the impact of disasters on our society. The focus falls especially on natural disasters and fires that affect people's lives. The theme for this year was 'Safe Homes'. It was my great privilege to be the key note speaker in Klapmuts at the annual commemoration of this day.

We can truly be grateful for the incredible work that is done daily by our Disaster Management Section, Fire Department and other safety services. It is a section in the municipality that does exceptional work and save many lives.

As part of disaster and risk management, 500 smoke alarms were installed in residences in Klapmuts. The installation specifically targeted backyard residents and informal structures in the area. The alarms were made available to us by the Provincial Government, via a donation by SANTAM. The purpose of these alarms is to warn residents in time of a possible fire. It helps residents to then act quickly and vacate residences and in that way prevent loss of life and even limit property loss.

The Klapmuts area was identified by a research group from the University of Stellenbosch as a vulnerable area. We are planning to roll this project out in other wards as well with the cooperation of councillors and possibly donations by other private institutions. I want to thank SANTAM for the donation and I want to ask anyone that is willing to contribute to please help. Every alarm costs approximately R100 and you can sponsor as many as you like. Please contact my office if you can help (mayor.pa@stellenbosch.gov.za).

People with Disabilities

November is awareness month for people with disabilities. The campaign reaches a climax on 3 December when we commemorate International Day for People with Disabilities with the international community. This campaign is extremely important for us. As a municipality, we want to help to address the needs of people with disabilities and especially to help address the myths and incorrect perceptions that exist about people with disabilities. The abilities of the people with disabilities are often underestimated and that is why they are often not given the opportunity to be part of the mainstream society. We can however learn a lot from people with disabilities about how to be adaptable and overcome challenges. We must not ignore or stereotype them just because their approach to life is different and unique.

Stellenbosch Municipality will also work with Stellenbosch Disability Network during November. We are planning a walking event on the 25th of November and it will also serve as the launch for our 16 Days of Activism for No-Violence against Women

sal ook dien as die loodsing vir die 16 dae van aktivisme vir bewusmaking van geweld teen vroue en kinders. Mense met gestremdhede is ongelukkig een van die mees kwesbare groepe in ons gemeenskappe, saam met vroue en kinders, en ons mag nie ophou praat daaroor nie.

As 'n vroulike burgemeester, is hierdie veldtogte baie na aan my hart en wil ek graag al ons kwesbare inwoners, wat hulself in 'n gevaarlike of mishandelde situasie bevind, aanmoedig om met my kontak te maak sodat ons u kan probeer help. Dit kan nooit aanvaarbaar wees om mense te mishandel nie. Mishandeling is ook nie noodwendig fisies nie, maar ook emosioneel. Praat asseblief daaroor. Elke stem wat gehoor word gee nog 'n persoon moed om weg te stap van mishandeling.

Idasvallei se BMX-baan

Ons het onlangs 'n nuwe BMX-baan geopen by die Idasvallei Sportgronde. Die baan is gebou met 'n bydrae van die Provinsiale Departement van Sport en Kultuursake en skep 'n nuwe geleentheid vir veral ons jonger inwoners om deel te word van hierdie adrenalien-sport. BMX-fietsry is reeds 'n Olimpiese sportkode en ons hoop dat hierdie baan nuwe talent uit ons gemeenskap sal voortbring en ook nuwe geleenthede na ons dorp sal lok. Fiets-verwante sportkodes neem al meer toe in ons area en dit is verblydend om te sien hoe ons gemeenskap dit geniet en deelneem en hoe dit ons jongmense weghou van verkeerde aktiwiteite.

Vervoermaand

As deel van die pas afgelope Vervoermaand het ons Andringastraat vir 'n week gedeeltelik vir verkeer gesluit en slegs beskikbaar gemaak vir voetgangers, fietsryers en ander vorme van nie-motorgedrewe vervoer. Die resultate vir die week was verblydend en ek het so baie fotos ontvang van inwoners en besoekers wat die ekstra stapruimte en rustigheid baie geniet het. Ek en my span het self gaan stap en dis heerlik om ons mooi dorp te bewonder sonder om bekommerd te wees oor motors wat jou mag raakry.

Ons werk ook onverpoos daaraan om oplossings te kry vir die uitdagings rakende vervoer en parkering in ons dorpe. Ons gaan dan ook ondersoek instel na hoe en óf ons motorvrye-sones kan implementeer in areas wat veral gewild is by besoekers en voetgangers. Hopelik kan ons ook met 'n plan vorendag kom wat verkeersdruk verlig en ook alternatiewe vervoer bevorder. U is welkom om vir my te skryf en enige voorstelle in die verband met my te deel!

Droogte Krisis

Die voortslepende droogte bly 'n krisis. Ek wil u graag net herinner dat Vlak 5 Waterbeperkings steeds geld en in plek sal bly vir 'n lang tyd. Met die somer wat nou hier is, verhoog ons waterverbruik gewoonlik. Probeer asseblief om u waterverbruik so laag as moontlik te hou. Ek kan dit nie genoeg benadruk dat ons water besig is om op te raak nie, en redelik vinnig ook. Maak asseblief seker dat u besoekers ook asseblief bewus is van hoe skaars en kosbaar water vir ons in die Wes-Kaap is. Elke liter tel.

and Children. People with disabilities are unfortunately one of the most vulnerable groups in our communities, along with women and children, and we must not stop talking about it.

As a female mayor, these campaigns are very close to my heart. I want to encourage all residents who find themselves in a dangerous or abusive situation to contact me so that we can try to help. It can never be acceptable to abuse people. Abuse is also not limited to physical abuse but also to emotional abuse. Please talk about this. Every voice that is heard, gives someone else the courage to walk away from abuse.

Ida's Valley's BMX-Track

We recently opened a new BMX-track at the Ida's Valley Sports Ground. The track was built with a contribution by the Provincial Department of Cultural Affairs and Sport. It especially creates new opportunities for our younger residents to become part of this adrenalin driven sport. BMX-biking is already an Olympic code and we hope that this track will bring forth new talent from our community and also attract new opportunities to our town. Bicycle related sporting codes has increased in our area and it is pleasing to see how many in our community are enjoying it and participating in it, and how it keeps our young people out of trouble.

Transport Month

As part of the recently concluded Transport Month, we decided to partly close Andringa Street for motorised transport for a week and only make it accessible for pedestrians, cyclist and other forms of non-motorised transport. The result was very pleasing and I received so many photos from residents and visitors who enjoyed the additional space and calm for a leisurely stroll. My team and I took a stroll as well and it was wonderful to see our beautiful town without fear of cars that might injure you.

We are working continuously to find solutions to the challenges surrounding our traffic and parking problems in our towns. We are going to conduct an investigation on how and if it is possible to implement motor free zones in areas that are popular with visitors and pedestrians. Hopefully we can come up with a plan that reduces traffic congestion as well as promote alternative transport. You are welcome to send me your suggestions in this regard!

Drought Crisis

The continuing drought remains a crisis. I want to remind you that Level 5 water restrictions remain in place and it will remain in place for some time. Our water consumption usually increases during the summer that has now arrived. I cannot emphasise it enough that our water is running out and rather quickly as well. Please also inform your visitors so that they can be aware of how scarce and valuable water is in the Western Cape. Every litre counts.

Sou u 'n waterlek of pypbarsting ontdek, kontak asseblief die Infrastruktuur Departement aangesien u 'n proses kan volg om van die onnodige hoë tariewe wat u dan sal moet betaal vir die watervermorsing, kan laat verminder.

Goeie Dienslewering

Die einde van die jaar is nou waarlik hier en ek sien uit na die bietjie rustigheid wat ons area geniet wanneer almal binnekort met vakansie begin gaan. Dit beteken egter nie dat dinge in my kantoor enigsins minder besig raak nie. Ons gaan volstoom voort met die beplanning om goeie diens aan u te lewer. Die Raad het pas die nuwe organogram en personeelstruktuur goedgekeur en dit sal ons in staat stel om kritiese vaardighede te bekom wat ons tans kortkom.

Elektrisiteitsverbruik

Ek kry dikwels navrae oor elektrisiteitsverbruik en die gebrek aan munisipale stelsels in informele gebiede. Dis vir my lekker om met u te deel dat ons begin het met elektrifisering in Enkanini woonbuurt en dat ons stelselmatig, en soos ons fondse ons toelaat, die hele gebied van wettige kragverbruik sal voorsien. Die ander gebiede hoef nie jaloers te wees nie, ons werk op 'n skedule om uiteindelik almal te help. Ons werk ook tans aan 'n verordening wat dit moontlik sal maak om krag te voorsien aan agterplaasbewoners. Dit is 'n groot behoefte want agterplaasbewoners is afhanklik van die hoofhuise vir hul krag en ons het geluister na die pleidooie vanuit ons gemeenskappe.

Eindeksamens

Die matrieks en hul ouers, en alle leerders en studente, word sterkte toegewens met die groot eksamens waarmee hul tans besig is. Ons dink aan u.

Mag u almal veilig wees in hierdie tyd en die laaste skof tot Kersfees en vakansietyd suksesvol afhandel.

Groete,
Burgemeester Gesie

If you have a water leak or a burst pipe, please contact our Infrastructure Department because you can follow a process to reduce the unnecessary high tariffs you must pay for wasting water.

Good Service Delivery

The end of the year is now truly here and I am looking forward to a bit of peace and quiet in our area when everyone leaves on holiday in due course. This does not mean however that activity in my office slows down at all. We continue full steam ahead to plan and deliver good services to you. The Council recently approved the new organogram and staff structure and that will enable us to appoint critical skills in the areas where it is needed.

Electricity Usage

I often receive enquiries about electricity usage and the lack of municipal systems in informal areas. It is wonderful for me to be able to share with you that we have started with the electrification of the Eknanini neighbourhood and that we are systematically, and as funding allows us, busy with a process to provide the entire area with legal power connections. The other areas have no need for jealousy; we are working on a schedule that will help everyone. We are also working on a by-law that will make it possible to provide backyard residents as well. It is a great need for people living in backyards because they are dependent on electricity provided by the main residence and we listened to the plea from our communities.

Final Examinations

I want to wish all the matrics, their parents, all learners and students who are busy with exams, all the best. You are in our thoughts.

May you all be safe during this time and successfully tackle the last shift before the holidays and Christmas.

Regards,
Mayor Gesie

VLAK 5 WATERBEPERKINGS

SLEGS 87L water gebruik per persoon per dag

Rapporteer alle wateroortredings by 021 808 8215 / 021 808 8953 of water.restrictions@stellenbosch.gov.za

LEVEL 5 WATER RESTRICTIONS

ONLY 87L water usage per person per day

Report all water transgressions to 021 808 8215 / 021 808 8953 or water.restrictions@stellenbosch.gov.za